# VERSTEDELIKING: RIGLYNE VIR 'N KERKLIKE BEDIENING

Met spesiale verwysing na die verstedelikingsproses in die Bloemfontein - Botshabelo - Thaba Nchu streek in die OVS

B. du T. Jackson[1]

## OPSOMMING

Met die proses van versnelde verstedeliking is dit belangrik dat die familie van N.G. Kerke sy bediening op die plakkerskampe sal toespits. Volgens die Skrif het God in Christus, ten spyte van die konsentrasie van sonde in die stad, nie sy rug op die stad gedraai nie, maar is by sy kinders in die stad teenwoordig. Daar moet in die stad, op alle terreine van die samelewing tekens opgerig word van God se Koninkryk. In S.A. was daar nooit 'n duidelike verstedelikingsbeleid nie en het sosio-ekonomiese kragte politieke oorwegings in dié verband oorheers. Daar vind ook nie altyd 'n normale proses van verstedeliking plaas nie. Die verwagte verbetering van lewensomstandighede vind nie altyd plaas nie, met die gevolg dat baie mense en gesinne in die grootste armoede verval. Die kerk moet 'n dringende korttermyn en 'n langtermyn bediening vir hierdie gemeenskappe ontwerp. Terwyl die evangelie verkondig word, moet verlore lidmate opgesoek word en moet dringende hulpverlening toegepas word. Die amptelik bediening van die plaaslike gemeente moet hier tot stand kom, met die toerusting van lidmate om so van binne hulle getuienis te lewer. 'n Funksionele gebou kan opgerig word wat kan dien as kerk en gemeenskapsentrum. In samewerking met ander kerke moet 'n langtermyn missionêre diakonaat ontwerp word, vir die opbou van 'n gevestigde gemeenskap.

## SUMMARY

With the proses of accelerated urbanization it is important that the family of D.R. Churches should focus its ministry on the squatter communities. According to the Bible God in Christ never turned his back on the city, In spite of the concentration of sin within it, He is present with his children in the city. In all spheres of city life signs of God's Kingdom should be erected. Clear policy on urbanization was never found in S.A. and the socioeconomic powers dominated any political considerations. The normal proses of urbanization did not always take place. The expectations for a better living was very often not realized with the resulting immense poverty. The church should plan for an urgent short and long term ministry for these communities. While the gospel is proclaimed, lost members should be located and those in need should urgently be cared for. The official ministry of the local congregation should be started together with the training of members to witness from within these communities. A functional building could be erected which could serve as a church and community center. In cooperation with

1 Dr. B. du T. Jackson Jeugleraar, NGKA, ring van Bloemfontein asook betrokke by toerusting van lidmate, evangelisasie en nywerheidsbediening.

other churches the extended christian witness should include diaconal services for the establishment of a stable community.

## 1. INLEIDING

Die geleentheid om deel te neem aan 'n huldigingsbundel van Acta Theologica vir prof. J.H. Smit, is 'n groot voorreg en word graag benut. Hy was nie net alleen my promoter in die Sendingwetenskap nie, maar ook gewaardeerde vriend. Die baie duidelike *Gereformeerde teologiese basis* wat hy vir die missiologiese vakke aan die Teologiese Fakulteit van die UOVS gelê het, onthou sal word. Hierdie onderwerp van versnelde verstedeliking is ook per geleentheid met hom bespreek en duidelike riglyne kon vir die werk daargestel word. Hierdie bydrae is 'n poging om met verwysing na plaaslike omstandighede vir die kerk en meer spesifiek vir die familie van N.G. Kerke 'n aanduiding te gee van hoe die *versnelde verstedeliking* op plaaslike vlak kerklik hanteer kan word, al is dit ook in die kleiner sentra of dorpe. Soos die Ned. Geref. Kerk in die dertigerjare, na die depressie, sy lidmate wat na die stede getrek het kon opvang, bied die huidige proses van verstedeliking 'n nuwe uitdaging aan die hele kerklike gemeenskap

## 2. DIE BYBELSE SIENING VAN DIE STAD

Om die hedendaagse proses van verstedeliking en die moderne stad te wil vergelyk met die stede van die Bybelse tye sou miskien onvanpas wees, maar die Skrif kan tog vir ons 'n aanduiding gee van God se handelinge ten opsigte van die stede waarvan ons in die Ou- en Nuwe Testamente lees.

### *2.1. Die bou van stede as kultuuropdrag*

Die bou van stede kan gesien word as deel van die mens se kultuuropdrag. Dit was die mens in sy sondige verdorwenheid na die sondeval. So het Kain 'n stad gebou en dit na sy seun Henog vernoem (Gn 4:17). Daarna sou Nimrod uit die geslag van Gam die eerste maghebber op die aarde, verskeie stede bou onder andere Resen wat as 'n baie groot stad beskryf word (Gn 10:8-12).

### *2.2. Tegnologiese vooruitgang in die boubedryf*

Daarna sou nog verskeie groot stede gebou word. Met die bou van die stad

waarin die toring van Babel moes verrys, was daar sprake van tegnologiese vooruitgang met die brand van stene wat vir die bouwerk benodig sou word (Gn 11:3-4). Die nuutgevonde vermoë van die mens sou egter verkeerdelik gebruik word om in opstand teen God te kom.

## *2.3. Die negatiewe beeld van die stad in die Bybel*

Die samedromming van mense in die stede van daardie tyd het ook die konsentrasie van sonde beteken. Die bou van die toring van Babel was heelwaarskynlik reeds deel van die mense se opstand teen God. Die toring moes tot aan die hemel reik om God uit te daag (Gn 11:4). Daar word van Sodom en Gomorra geskryf dat hulle sonde baie groot was (Gn 18:20). In die verhaal van Jona word Nineve beskryf as 'n groot stad wat baie sleg is (Jn 1:2). Die stad Babel in die O.T. en later ook Rome in die N.T. sou as die sentra van die heidendom getipeer word, in teenstelling met Jerusalem, die stad van God. Jesus verwyt ook die dorpe Gorasin en Betsaida en Kapernaum vir hulle onboetvaardigheid. Die mense het geweier om hulle te bekeer ten spyte van al die wonderdade wat Hy daar gedoen het (Mt 11:20-24).

## *2.4. Die stad van God:*

In teenstelling met die heidense stede staan Jerusalem uit as die stad van God. Selfs voordat Dawid die stad ingeneem het (2 Sm 4:6-16), was dit die setel van die legendariese Melgisedek, die koning van Salem en die priester van die Allerhoogste (Gn 14:18 en Heb 7:1-10). Hier sou die tempel verrys en hierdie stad was die woonplek van God tussen sy kinders. Jerusalem word telkens in die Psalms besing en daar word gebid dat daar in Jerusalem vrede mag wees (Ps 122).

Hierdie stad sou egter ook nie die oordele van God gespaar word nie, aangesien Sy kinders wat Hom met oorgawe en toewyding moes dien, so dikwels teen Hom in opstand gekom het en uitendelik ook hulle Messias verwerp het. Daarom word Jerusalem twee keer verwoes, in 597 v.C met die ballingskap, en weer in 70 n.C. toe die stad deur die Romeine verwoes is. Daarom treur Jesus oor Jerusalem (Mt 23:37-38).

## *2.5. God is in die stad teenwoordig:*

Dit beteken nie dat God sy rug op die stad gedraai het nie, maar dat Hy in Sy oordele en groot barmhartigheid Hom met die mense in die verskillende

stede bemoei het. Insiggewend is die brief van Jeremia aan die ballinge wat as "plakkers" in die vreemde stad Babilon en omgewing gaan woon het (Jr 29:1-19). Hulle moes bid vir die welstand van daardie stad en so as volk van God in daardie vreemde vyandige stad nie net oorleef nie, maar voluit met hulle lewe voortgaan. Hulle moes bly leef sodat hulle op grond van die Here se belofte na sewentig jaar kon terugkeer. Uit hulle, uit die geslag van Dawid, moes die Messias gebore word wat deur sy eiendom verwerp is en buitekant die stad Jerusalem gekruisig is (Heb 13:12), maar die Verlosser en Koning sou word van baie mense oor die wêreld heen wat in stede saamgetrek sou word.

God is dus in die stad teenwoordig by Sy kinders. En hulle moet in al die sektore van die stad ten opsigte van die ekonomie en handel en onderwys en dienste, tekens oprig van sy Koninkryk, met verwagting van die koms van die nuwe stad Jerusalem (Op 21:9-22:5).

## 3. DIE HUIDIGE PROSES VAN VERSTEDELIKING

### *3.1. Inleiding:*

Die grootskaalse proses van verstedeliking met die vestiging van mense in informele woongebiede is 'n verskynsel wat wêreldwyd besig is om plaas te vind. Die groot stede van die wêreld is volgens Bakke soos magnete wat mense aantrek (1992:1). Dit geld ook vir die groot stede van Afrika, terwyl Suid-Afrika die afgelope vyf jaar ook 'n versnelde verstedeliking ondervind het.

Die Bloemfontein - Botshabelo - Thaba Nchu gebied is hier ter sprake. Hierdie stedelike gebiede het ook versnelde verstedeliking ondervind as gevolg van die demografiese samestelling van die streek en van die huidige nuwe politieke bedeling. Die vraag wat beantwoord moet word, is die mate waarin die kerk gereed was vir hierdie proses waarin baie duisende mense betrokke was.

### *3.2. 'n Historiese oorsig van die verstedelikingsproses in Suid-Afrika*

'n Historiese oorsig van die verstedeliking van die swart bevolking in Suid-Afrika word afdoende deur Smit en Booysen beskryf, veral vanaf 1910 tot ongeveer 1980. Volgens hulle is die historiese proses begelei deur verskeie

sosio-ekonomiese en politieke kragte waarna hulle verwys:

> "(1) die ekonomiese oorweginge in belang van die kerngebiede wat as magnete dien;
>
> (2) dié faktore binne die periferie wat stootkrag aan die plattelands-stedelike migrasieproses verleen;
>
> (3) die politieke besluitnemingsproses wat hierdie interaksie reguleer en beheer" (1982:9).

Baie van die swart verstedeliking was tydelik, bloot as gevolg van die aanvraag vir werk vir veral swart mans, met onder andere die ontdekking van minerale. Die proses het egter ten opsigte van die ouderdom van verstedeliking volgens die Vennetier-model verloop "waar die drie fases manlike oorheersing, toename in vroue en toename in kinders onderskei word" (1982:19). Die swart vrou het dus in 'n groot mate permanensie aan hierdie proses verleen.

In die hele proses was daar nie 'n duidelike verstedelikingsbeleid nie en het plakkergebiede ontstaan, dikwels op private grond. Wetgewing wat in die verband in 1923 en 1945 geneem is word nie behoorlik toegepas nie en dié verstedelikingsproses duur voort as gevolg van ekonomiese kragte.

Na 1948 is 'n duideliker beleid ten opsigte van instromingsbeheer, die opruiming van slumgebiede en tuislandverstedeliking ontwerp, maar dit kon ook nie die sosio-ekonomiese kragte van die verstedelikingsproses weerstaan nie (1982:21-35).

### *3.3. Die proses van verstedeliking in die Bloemfontein - Botshabelo - Thaba Nchu gebied*

#### *3.3.1. Botshabelo*

Aan die begin van die tagtigerjare het die groot stad Botshabelo (vroeër Onverwacht) ontstaan, waar gestruktureerde plakkery toegepas is. 'n Groot deel van die Sotho-sprekende bevolking van Kromdraai by Thaba Nchu (Bophuthatswana) is na Botshabelo verskuif as gevolg van 'n ou vete met die Tswana-sprekende deel van die bevolking. Daarna het 'n geweldige toestroming na hierdie stad plaasgevind, vanaf hoewes en plase om Bloemfontein en elders, en van mense van oor die hele land (Botes 1987:2). Dit het aan die

inwoners toegang verleën tot die arbeidsmark in die Bloemfontein gebied. Hulle kon nie op daardie stadium direk vanaf plase in die stad gaan werk nie. Smit en Booysen (1982:88) maak die volgende opmerking oor die ontstaan van hierdie stad: "Uit suiwer beplannings- en ekonomiese oogpunt is hierdie stedelike gebied, wat so naby die Swart dorp Selosheshа (8000 inwoners in 1979) in Bophuthatswana ontwikkel, nie geregverdig nie. Etniese probleme en ideologiese oogmerke maak dit egter noodsaaklik. Die vraag kan nou reeds gevra word in watter mate die kerk betrokke was met die bediening aan al hierdie mense. Dit gaan immers vir die kerk nie om politieke of ekonomiese oorwegings wanneer mense bedien moet word nie. Intussen het die bevolkingsaanwas van Botshabelo tussen 1988 en 1991 volgens Krige (1992:8) slegs met 1,7% toegeneem. Dit beteken dat met die afskaffing van instromingsbeheer in 1986 die toestroming na Botshabelo gestabiliseer het. Wat hierdie gebied betref, kan die verstedeliking wat in die tagtigerjare in Botshabelo plaasgevind het as 'n oorgangstydperk gesien word, al het hierdie stad in 'n groot mate reeds 'n permanente woon- en werkplek vir baie inwoners geword.

### *3.3.2. Bloemfontein - Mangaung*

Aan die begin van die jare negentig het die politieke toneel in Suid Afrika drasties verander met die afskaffing van onder andere die wet op instromingsbeheer en die ontbanning van verskeie organisasies. Dit het ook 'n nuwe tydperk ingelui ten opsigte van die proses van verstedeliking. Soos elders in die land het plakkersdorpe ook om Bloemfontein - Mangaung ontstaan veral aan die Suidoostelike dele. In dieselfde tydperk het volgens Krige die bevolking in Bloemfontein Mangaung met 6.6% toegeneem (1992:8). Mense het dus nou om verskeie redes, soos om nader aan die werk te wees en as gevolg van die droogte in daardie tyd, getrek na hierdie gebied. Andere het getrek uit bestaande woonbuurtes, uit agterplase van ander inwoners waar hulle in elk geval geplak het. Hierdie beweging van mense wat as versnelde verstedeliking gesien word, nadat die normale proses vir baie jare teruggehou is, het baie instansies onkant betrap. Daar was nie persele of huise beskikbaar nie. Saam met gestruktureerde plakkery het daar ook "onwettige" plakkersgemeenskappe langs Mangaung ontstaan. Hierdie gebiede is polities gesproke hoofsaaklik ANC georiënteer as na die name gekyk word soos: Joe Slovo, Namibia Square, Freedom Square, ens. Die sg. "civics" staan ook in beheer van die gebiede. Verskeie instansies soos die Provinsiale Administrasie en die Stedelike Stigting is besig met die opgrad-

ering van die gebiede met voorsiening van basiese dienste. Dit word nou permanente woonbuurtes en 'n al groter getal mense sal moontlik in die toekoms op hierdie manier gevestig raak. Intussen is dit veral die vroue en kinders en ook ou mense wat hier 'n moeilike bestaan voer.

### *3.4 Die ekologiese struktuur en ontwikkeling van die stad*

Die proses van verstedeliking soos dit in Suid Afrika plaasgevind het en soos beskrywe deur Smit en Booysen (1982:3), kan nie as 'n normale verstedelikingsproses beskrywe word nie. Hulle beweer tereg: "Die konsepte, teorieë en modelle van verstedeliking in ontwikkelde lande is nie op die Derde Wêreld, en meer spesifiek op Afrika van toepassing nie".

Verkuyl (1978:196) beskryf die ekologiese struktuur van die deursnee Europese stad. Hy onderskei ses afsonderlike dele van die stad: die stadsentrum en die binnestad; tussen die binnestad en die stadsrand ontstaan daar volksbuurte en agterbuurtes; daarna die voorstede en die aaneenskakeling van stede om 'n megapolis te vorm; laastens die verstedeliking van die platteland . Die normale proses geskied so dat die binnestad ontvolk soos wat mense uitbeweeg na die voorstede vir beter behuising en meer ruimte. Binnestede sterf dan af as gevolg van kongestie van voertuie en mense met die gevolg dat besighede en winkels uitwyk na die voorstede (1978:197).

Dit was eers na deeglike wetenskaplike studie van die dinamiese prosesse in die ontwikkeling van die stad dat die ring van Parow (1992:131) besef het waarom hulle lidmate stelselmatig verminder het. Spies beskryf hierdie proses ten opsigte van die groei van die stad soos volg: "'n Stedelike gebied bly nooit dieselfde nie. Verstedeliking is 'n universele verskynsel gedryf deur onder meer ekonomiese faktore. Sakesentrums en nywerheidspersele brei uit en in die proses slurp woonerwe op, word hoë-digtheidsbehuising ontwikkel en skuif die woonareas al hoe verder weg. Nuwe woongebiede word elders ontwikkel en mense trek daarheen. Namate die finansiële welstand van mense verbeter trek hulle na meer gegoede woonbuurte. In Parow het hierdie migrasie binne ringsgebied plaasgevind. Daar was sowel 'n immigrasie van nuwe intrekkers vanuit ander gebiede asook 'n emigrasie van ou Parow-inwoners na ander gebiede" (1992:131). In hierdie proses verander die kultuuropset van die stad ook en sal dit volgens hom na die afskaffing van die groepsgebiedewet al vinniger plaasvind as wat normaalweg sou gebeur. Hy konkludeer dan soos volg: "Die natuurlike proses van kultuurverskuiwings in ons stede is in die verlede dekades lank onnatuulik gekeer deur die apartheidsbeleid".

Die kerk het op 'n stadium hierdie "normale" proses in die ontwikkeling van die stad nie verstaan nie en kon dus ook nie sy bediening betyds daarvoor aanpas nie. Die vraag moet voortdurend gevra word of die kerk gereed was en intussen hom gereed gemaak het om die "abnormale" proses van verstedeliking te kan hanteer.

Dit geld veral die sogenaamde volksbuurtes en agterbuurtes waarvan Verkuyl praat (1978:197), wat in "normale" omstandighede om die binnestad ontstaan, maar wat in die proses van verstedeliking in Suid Afrika in die vorm van plakkerskampe aan die buitewyke van die stad besig is om te ontstaan. In Bloemfontein ontwikkel Mangaung in die vorm van 'n speek met die meeste plakkerskampe op die verste punt van die speek. Dit beteken dat die armste mense al verder van die stadskern af woon en elke dag al verder na hulle werk moet ry.

### *3.5. Verstedeliking en armoede*

Die stede het 'n magnetiese aantrekkingskrag vir baie mense. Daar is meer werksgeleenthede, beter opvoedkundige en mediese dienste, beter sportgeleenthede en 'n groter verskeidenheid vermaak en ontspanning. Baie jongmense trek ook met groot verwagting na die stede, om hulle lewensomstandighede te verbeter. Hierdie verwagting word egter nie altyd vervul nie. In die jeugverslag van die Presidentsraad (1987:84) word hierdie proses ten opsigte van die jeug hoofsaaklik negatief beoordeel: "Verstedeliking bring gewoonlik nie noodwendig vir die betrokkenes die verwagte vooruitgang en gunstige lewensomstandighede mee nie. Vir die grootste gros van hulle beteken dit trouens beknopte behuising, onhigiëniese toestande, armoede, gebrek aan lewensmiddele en blootstelling aan allerlei vorme van wangedrag en misdaad". Dit is verder ook so dat in die huidige snelle proses van verstedeliking grootskaalse armoede in die plakkersgemeenskappe voorkom.

## 4. PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE STEDELIKE BEDIENING VAN DIE KERK

### *4.1.Inleiding*

In elkeen van die groot stede en dorpe bestaan daar lank reeds *gemeentes* van

die verskillende kerke, asook gemeentes van die N.G. Kerkfamilie. Die oudste gemeente van die N.G. Kerk in Afrika in Mangaung (Bloemfontein) het aan die einde van 1993 sy honderdjarige bestaan gevier. Die versnelde verstedeliking wat sedert die opheffing van die instromingsbeheer in 1986 plaasgevind het, het egter groot druk geplaas op bestaande gemeentes se gewone bedieningspatrone. Hierdie versnelde verstedeliking het die vorm aangeneem van plakkersdorpe wat hoofsaaklik binne die grense van die huidige Phahameng gemeente van die N.G. Kerk in Afrika ontstaan het.

Soos reeds aangedui het hierdie plakkersgemeenskappe ontstaan met die veranderde politieke omstandighede en was hierdie gemeenskappe, aanvanklik veral polities georiënteer. Die plaaslike inwoners van die bestaande woonbuurtes was ook minder geneë om die gebiede te besoek, aangesien dit as onveilige gebiede beskou is.

Die kerk kan hon egter nie laat lei deur politieke oorwegings, of deur die moontlikheid van gevaar in sy bediening nie. Soos wat die kerk met die ontstaan van die stad Botshabelo (Onverwacht) in die tagtigerjare, met personeel en fondse en kerkgeboue, gereed was om die mense wat daarheen ingestroom het te bedien, sal die fokus van die kerk se bediening (N.G. Kerk familie) in die negentigerjare gerig moet wees op die stede en dorpe met hulle plakkersgemeenskappe. Die mense in hierdie gebiede het veral op die korttermyn 'n besondere bediening nodig, maar daar moet ook gekyk word na die langtermyn bedieningsbehoeftes in die gebiede. In baie dorpe het hierdie gemeenskappe langs die bestaande woonbuurtes ontstaan en kon makliker ingeskakel word in die gewone bediening van die kerk.

### *4.2. Dringende korttermyn bediening*

#### *4.2.1. Die betrokkenheid van die plaaslike gemeente*

Hierdie werk kan alleen deur die plaaslike leraar en gemeente gedoen word. Dit beteken dat as die plaaslike gemeente nie pogings aanwend om by hierdie mense uit te kom nie, dit baie moeilik is vir mense om van buite in die plakkersdorpe te werk. Daar moet eers kontak gemaak word met die plaaslike leiers van hierdie gemeenskappe en toestemming gevra word om daar te mag werk. Indien dit moontlik is om met 'n tent 'n evangelisasieveldtog in so 'n gebied te hou, moet toestemming daarvoor verkry word.

#### *4.2.2. Evangeliseringsveldtog*

Die doel van so 'n veldtog is natuurlik om die evangelie te verkondig, maar ook om verlore lidmate op te spoor. Dit is persone wat van die platteland of van elders daarheen gekom het en wat maklik vir die kerk verlore raak as hulle nie weer opgesoek word nie. So 'n veldtog is ook 'n manier om die bediening in so 'n gebied te begin en aan die mense bekend te stel.

Die hele gemeenskap moet voor die tyd baie goed ingelig wees oor so 'n veldtog, sodat daar nie een of ander misverstand bestaan en die kerklike werkers se veiligheid bedreig word nie.

Dit is baie belangrik dat die plaaslike gemeente se kerkraad en lidmate betrokke sal wees by so 'n geleentheid. Belangstellendes van ander gemeentes kan ook betrek word. Dit is belangrik dat die nodige toerusting aan die persone gegee sal word, nie net vir die beheer van véral die kinders by so 'n veldtog, of vir die uitdeel van traktaatjies of verversings nie, maar ook om op persoonlike vlak 'n geestelike gesprek te kan voer. So 'n aksie bied 'n goeie geleentheid vir samewerking op plaaslike vlak vir die familie van N.G. Kerke. Gemeentes van die N.G. Kerk kan verversings vir die geleentheid verskaf. Verder is dit ook belangrik dat daar in so 'n poging geskakel sal word met ander gevestigde kerke en indien moontlik ook met leiers van die Onafhanklike Kerke.

#### *4.2.3. Dringende missionêre diakonaat*

Aangesien daar dikwels in hierdie gemeenskappe groot lewensnood heers is dit nodig dat dringende hulp verleen sal word aan behoeftige gesinne. Dit beteken dat tydens so 'n veldtog nie net name van verlore en voornemende lidmate opgeneem sal word nie, maar dat ook ingegaan sal word op die stand van die gemeenskap. Behoeftige gesinne kan uitgewys word en ingeskakel word by 'n voedselvoorsieningsprogram en ook voorsien word van kleding ens. Dit is egter om in die onmiddellike nood te voorsien en kan gesien word as 'n dringende diakonaat.

### *4.3. Langtermyn bediening*

#### *4.3.1. Die toerusting van lidmate en kerkraadslede*

Die toerusting van lidmate van die betrokke gemeente vir hulle dienswerk is, soos reeds na verwys, van groot belang, maar dit is van deurslaggewende belang dat die lidmate in die plakkerskampe opgelei en toegerus sal word om die gebied van binne met hulle getuienis te bedien. Daarby moet die normale amptelike kerklike bediening op dreef kom. Die verkiesing en toerusting van 'n ouderling en diaken vanuit die lidmate van die gebiede self, indien daar wel sulke persone beskikbaar is, moet so gou as moontlik gedoen word. Eredienste op Sondae, asook ander geleenthede gedurende die week, kan voorlopig in die ouderling se huis gehou word. Indien sy plek te klein is, kan daar 'n tydelike sinkstruktuur vir dié doel op sy perseel opgerig word.

### *4.3.2. Die oprigting van 'n kerkgebou en gemeenskapsentrum*

Indien daar genoeg lidmate en aanhangers in so 'n gebied is en die bestaande kerkgebou te ver of te klein is, kan daar aansoek gedoen word vir 'n kerkperseel. Indien fondse beskikbaar word, kan 'n struktuur opgerig word wat kan dien as kerkgebou en ook as gemeenskapssentrum. Gedurende die week kan dit as skoolgebou gebruik word asook vir die voorsiening van voedsel. Dit kan ook gebruik word vir een of ander vorm van werkverskaffing aan veral die vroue, vir die maak van klere. In al die projekte kan die samewerking van ander kerke gesoek word.

### *4.3.3. Die ontwikkeling van 'n gevestigde gemeenskap en christengesinne*

Op die langtermyn sal hierdie gebiede met die hulp van owerheidsinstansies opgegradeer moet word, sodat hier ook gevestigde gemeenskappe kan ontwikkel. Hierin kan die kerk 'n belangrike rol speel om die evangelie te verkondig maar om ook tekens op te rig van die Here se Koninkryk. Hier gaan dit veral daarom om stabiele christengesinne te vestig en te ondersteun aangesien dit juis in die proses van verstedeliking gebeur dat die gesinslewe verbrokkel.

## 5. SLOTOPMERKINGS

Eerder as om hierdie gebiede te sien as 'n onveilige, onaanvaarbare bedreiging moet dit as 'n geleentheid aangegryp word om die evangelie op 'n omvattendewyse aan hierdie mense te verkondig.

Verkuyl (1978:203) verwys na Todd wat drie uitgangspunte vir die kerk se bediening in die stad aanwys:

> *1. De kerk behoort de drager te zijn van Gods verzoenende aktiviteit in de structuren van de ge-urbaniseerde samenleving. De kerk behoort dienend aanwezig te zijn waar de mensen werken en wonen, maar de beslissingen worden genomen, waar het hart van de samenleving klopt.*
>
> *2. Wij hebben de roeping in zo'n stad iets te brengen dat heenwijst naar de stad der toekomst, het nieuwe Jerusalem.*
>
> *3. De christelijke gemeenschap behoort in de stad kruisdrager te zijn wanneer ze Christus werkelijk volgen willen. Ze moeten leren mensen te ontmoeten waar ze lijden, daar waar ze hulp nodig hebben, ook daar waar ze het slachtoffer zijn van hun zonden en vervreemding.*

Die kerk sal dus sy bedieningsfokus daarop moet toespits om nie net die proses van versnelde verstedeliking te verstaan nie, maar om ook daadwerklik die kruisevangelie op 'n omvattende wyse in die stad te verkondig.

## LITERATUURVERWYSINGS

BAKKE R
1992. *International Urban Associates*, 1.

BOTES JS
1987. *Die onvoltooide sendingtaak in Botshabelo*. Pretoria: U.P. (ISWEN)

HENDRIKS J
1992. Gemeentes vertel. Gemeente en bediening 2. Kaapstad: Lux Verbi.

KRIGE S
1992. *Urban Mission Bloemfontein*. Workshop Report, 8. Bloemfontein: unpublished.

PRESIDENTSRAAD
1987. *Verslag van die komitee vir maatskaplike aangeleenthede oor die jeug van Suid-Afrika*. Kaapstad: Staatsdrukker.

SMIT P & BOOYSEN JJ
1982. *Swart verstedeliking: proses, patroon en strategie.* Tweede uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

VERKUYL J (RED.)
1978. Inleiding in de Evangelistiek. Kampen: Kok.